**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXV VRYDAG 7 AUGUSTUS 1970 NR. 10

*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
J. Heidema
**Telefoon 5319**
**VIR PUKKE**
**DIÉ FIETSWINKEL**

# THEOS HARDLOOP PAAIE DEUR POTE

**Gerrit Botha duik oor vir 'n pragdrie om by te dra tot die wegholoorwinning van 30—3 in die wedstryd tussen Puk en Pote verlede Saterdag.**



BOTHA SE DRIE

## *OORWINNING IS SPANPOGING*

**SO IETS HET die Puk lanklaas beleef. 'n Begeesterde Theos span het die Pote verlede Saterdag voor hulle platgevee en maklik met 30—3 gewen. Pote het nooit na 'n wenspan gelyk nie en by tye het die Pukke gemaak wat hulle wou.**

Die Pote kon slegs vroeg in die eerste helfte hulle man staan. Al die vuur waarmee hulle ingeklim het, was egter vroeg daarmee heen en het hulle maar bra lamvoet voortgestrompel.

As Schalk van der Merwe sy skopskoene aangehad het, kon die telling nog veel hoër gewees het. Hy kon slegs drie van die agt drieë vervyf, maar het andersins 'n puik wedstryd gespeel.

**Verwoeste stormlope**

**Van der Merwe was egter nie die enigste Puk wat uitgeblink het nie. Voor en agterspelers het by tye pragtig gekombineer en lang ente veld gewen met verwoeste stormlope.**

Veral Bernard Bernardo het die skare telkens op hulle voete gehad met sy praglopies. Hierdie speler beskik oor al die eienskappe om in 'n puik losvoorspeler te ontwikkel. Hy is verbasend vinnig en boonop groot en sterk. Hy moet nog net leer om te alle tye sy werk in die vas te doen.

**Senterpaar**

Agterlangs het Charles Venter en Jannie Barnard na 'n opwindende senterpaar gelyk. Veral Barnard het beïndruk met die wyse waarop hy in die gebroke spel beweeg het en aansluiting by sy maats gesoek het.

**Die mees verblydendste aspek van die wedstryd is egter die verbeterde vorm van Phil Steyn en Tiaan Coetzee. Steyn het selfs beter gespeel as Dawid van Aswegen en dit gee mens moed vir intervarsity. Coetzee het blykbaar nou sy onsekerheid afgeskud.**

Dit sal egter onbillik wees om uitsonderings te wil maak en al vyftien man verdien lof vir die wyse waarop Pote vermorsel is. Slegs twee Potespelers kan in dieselfde asem as die vyftien geeltruie genoem word.

Die heelagter, Gerrie van der Merwe, se buiteskoppe was goed en hy het goed vertoon onder druk. Daarby het vleuel Cross vir Gerrit Botha goed in toom gehou.

Vir die Theos het Tiaan Coetzee (2), Gerrit Botha, Henk Coetzee, Dawid van Aswegen, Jimmy van Rensburg, Bernard Bernardo en Schalk van der Merwe drieë gedruk. Van der Merwe het drie hiervan vervyf.

Pote se enigste punte was 'n strafskop deur Eddie Williams.

### Daar he'jy dit



**Na die Theos se groot oorwinning oor Pote is hulle mos aangewese om die All Blacks môre op te dons!**

# G'N HOOGTEPUNTE OP A.S.B.-KONGRES

## Weer aandag aan gewetensklousule

**DIE TWEE-EN-TWINTIGSTE kongres van die Afrikaanse Studentebond het sonder noemenswaardige hoogtepunte in Port Elizabeth plaasgevind. Die verhouding Wetenskap-lewens-en-wêreldbeskouing is dan ook in 'n mate op die lange baan geskuif deur swak samewerking van die onderskeie campusse. Slegs vier geaffilieerde sentra het gereageer en geen daadwerklike uitvoering kan aan die bestuur van die 1969-kongres gegee word nie. Die saak geniet wel nog aandag en die volgende kongres mag dalk besluit oor die beleid van die A.S.B. in hierdie verband.**

Interessante bespreking het gevolg op die referate, maar dit was nie altyd van hoogstaande gehalte nie. Hulle besluite is dan ook na aanleiding van die referaat geneem, bv. die versoek aan die regering dat die grondslae van die Tomlinsonkommissie se verslag weer aandag moet geniet, uitsluitsel oor die Kleurlingaangeleentheid e.d.m.

**Nafsas**

Op student politiese vlak is min aandag gegee aan Nafsas. Sekere vrae is voor die kongres reeds gevra en lidorganisasies en Nafsas sal ook in die toekoms dopgehou word. Stemme het opgegaan dat Nafsas dalk in die rigting van 'n organisasie vir konserwatiewe studente moet beweeg.

Die A.S.B. sal ook nie weer vanjaar 'n verteenwoordiger na Europa en Brittanje stuur nie, maar hom toespits op die V.S.A. Daar is gevoel dat nuttige opvolgingswerk in Europa en in Brittanje gedoen kan word, maar dat verdere besoeke nie geregverdig is nie.

**'n Nuusbrief in Engels sal dan ook die lig sien vir hierdie doel. Die hoofbestuur gee ook aandag aan 'n georganiseerde antwoordveldtog deur middel van briewe of persberigte in die buiteland. Dit is egter 'n saak wat nog gefinaliseer moet word, in samewerking met die departement Buitelandse Sake.**

**Gewetensklousule**

Weer eens is besluit om op die verskillende campusse aandag te gee aan die gewetensklousule. Die onus is deur die regering op die Universiteitsowerhede geplaas om sodanige versoeke te rig. As die Afrikaanse studente aandag gee aan hierdie saak kan daar definitief iets positiefs van kom.

„Kuesta 71" sal weer te Pretoria plaasvind en reëlings is reeds op groot skaal aan die gang.

**Die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch het alle geaffilieerde sentra uitgenooi om die volgende kongres te Stellenbosch te hou, waar dit dan ook sal plaasvind.**

Die ere-penning van die A.S.B. is vanjaar toegeken aan prof. Rautenbach, voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria. Die oorhandiging van die ere-penning aan adv. C. R. Swart kon nie plaasvind nie, aangesien adv. Swart se gesondheid nie die bywoning van die kongresdinee moontlik gemaak het nie. Dit sal nou by 'n latere geleentheid geskied.

**Toer na Ooste**

Die hoofbestuur ondersoek die moontlikheid om die buitelandse toer ook uit te brei na die Ooste.

★ *Vervolg op bladsy 5*

# *Intervarsity, sleep, eksamen...*

JA en vir die soveelste maal breek ons 'n sjampanjebottel op die begin van die soveelste tweede semester hier ter plaatse.

Ons gaan nie oor die eerste ses maande mediteer nie — eerder neem ons die volgende ses, of is dit nou vyf..., of *vier!?* maande in oënskou.

Ditsim — intervarsity — lekker ou intervarsity waar die skeidsregter glo *vir* Kovsies gaan laat wen. (So verneem ek uit betroubare bron.) En reken, in Rhodesië het die skeidsregter glo die punte *teen* hulle uitgeblaas! Hulle sê mos, hoe meer dae, hoe meer dinge...

Oor een ding voel ek so half bekommerd — ons gees — het ons **nog so 'n ding of is ons geesloos? Pukke, Pukke, daardie Joggie Jan**sen-gees van die Kovsies moet nek omgedraai word deur ons Theogees... Ek is nie snaaks nie, maar julle weet daardie ding wat hulle sielkunde noem is gevaarlik. *EN* die wedstryd teen Pote *MAG* nie 'n overture wees tot intervarsity nie!

Verder — lanfer — die eksamen; stilte, respek... Ek wonder — wat van so 'n massaser vir die dosente?

Wat die weer betref word toestande vir sleep al hoe gunstiger. En terwyl dit nog so koud is — probeer gerus die Aardkunde-inwording gebou se kelderverdieping. Ek waarborg sukses!

Nouja, as die groen blaartjies uitkom, moet julle weet dis tyd om boekewaarts te keer.

**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
**STUDENTE APTEEK**
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

## OOR DIE ONDERDEUR

DAN het die tweede semester uiteindelik aangebreek. Wat my betref is dit 'n taamlik gevreesde skof wat voorlê — maar aan die ander kant weer — lente en liefde, wat 'n onoortreflike kombinasie.

My arme ou oë loop deur julle weet, dis dan net verloofringe waar jy kyk! Ons begin maar by ons S.R.-voorsitter. *Hester du Plessis* se linkerhand word nie 'n bietjie rondgewaai en gedraai nie. *Johan* swyg maar liewer — die keer toe hy wel gepraat het, het hy dit ten sterkste aanbeveel.

*Callie Coetzee* het ook nie gras onder sy voete laat groei nie. *Susan van Aswegen* begin nou haar suster diamantsgewyse inhaal. Dan natuurlik, *Annemarie van der Walt* sukkel maar om by haar sigselwers te bly — die gelate „Eureka, dis saaaalig" spreek boekdele vol Willie Coetzees en diamante.

En glo dit as julle wil. Onse *Roelie Aucamp* het gehalt — hy het *Andrè Viljoen* gering — diamant die lot. Liewe aarde en nog is dit het einde niet — *Faans Krüger* en *Trudie van Heyningen* het ook maar besluit — tot die eerste stap van trou sal oorgegaan word.

Voeg hierby juffrou *Cecile Malan* wat aan Matie *prof. De Villiers* verloof is. Nou maar ek wil dit hê!! En moenie van klein doktortjie *Jurg van der Walt* vergeet nie. Hy het 'n oud- puk *Blanje Combrinck* vasgetrek ... ook met 'n blink klippie.

Dan is daar nog *Jeanine Tait* van Klawerhof wat deesdae saam met *Elize Kamfer* die trotse eienares van 'n blink steentjie is. Ai, maar dis mooi om te sien hoe die mense verloof raak. Ek is seker die epidemie gaan nou vinnig versprei.

Soos gewoonlik het een van die jaarlikse toere weer 'n liefde opgelewer. *Ria Lemmer* en *Francois Joubert* kan getuig hiervan.

*Tilla Marais* en *Proppies* is nog steeds op *stewige vaste* voet.

*Marius Schalekamp* meen maak nuwe vriende maar — hy verkies bo al die „miljeisende" Puk meisies sy eie klein gimmie *Susan Venter*.

Dan is daar so 'n paar loslopers agter wie se name ek met graagte 'n vraagteken sit: *Faan Coetzee, Steyn van Zyl* en *Dup du Preez* ... ek meen maar net.

Dit skyn nie of daar te veel teëspoed vir verliefdes was nie ... ook gelukkig maar so.

Intussen wag ons maar in mekaar se arms vir die eksamen.

Cheers.

# NUWE AKADEMIESE DRAG VIR DOSENTE

**OP SY JONGSTE vergadering het die Raad van die P.U. besluit om 'n verandering in die akademiese drag aan te bring. Indien dit betyds gereed is, sal dit reeds by die gradeplegtigheid in Maart aanstaande jaar te sien wees.**

Die besluit raak nie die togas en bande vir die meesters-, honneurs- en baccalaureusgrade nie.

Die togas word deur dr. G. M. Ballot en ander deskundiges ontwerp. Dié van die kanselier en vise-kanselier sal oorheersend maroen wees met 'n breë omslag van swart fluweel langs die voorkante tot by die skouers. 'n Kandelaarmotief word in gouddraad op die omslag geborduur. Die pette is volgens die model van die Universiteit van Amsterdam.

Die voorsitter van die raad en raadslede se togas is oorheersend swart fluweel en versier met maroen lint.

Die drag van die president van die konvokasie, ondervoorsitter van die raad, dekane en registrateurs is ook swart met maroen en ougoud sylint versiering.

Die eregrade- en doktorsgraadtogas daarenteen sal oorheersend maroen wees.

## LESING

PROF. BROWN van die departement fisiologie van die Vee-artsenykundige Fakulteit van die Universiteit van Pretoria het vanoggend 'n voordrag oor *navorsingsaktiwiteite van die departement fisiologie, vee-artsenykundige fakulteit, Universiteit van Pretoria* gelewer.

## *Alabama:*

# HIERDIE TOER SAL LANK ONTHOU WORD

**GASVRYHEID, pragtige natuurskoon, vonkelwyne en statige aalwyne is alles tere wonde in die herinneringe van die lede van die Alabama Studentegeselskap wat maar net nie wil genees nie.**

'n Groot verband vir die grootste seerplek — die herinneringe aan al die opvoerings. Wat 'n verskeidenheid van teaters en gehore. Daar was die deftige Skouburg van Bellville, die statige katedraal-Stadsaal van Paarl, die vliegtuigloods vir 'n stadsaal van Stellenbosch en die karaktervolle Operahuis van Port Elizabeth.

Moenie die variasie in gehoor status vergeet nie wat grotendeels tot uiting kom in die applous. Enigiets van die spontane gegil van 'n jong dame tot die formele getik van die regterhandpalm op die bobeen. Maar alles was deel van 'n grootse en uiters interessante toer wat Alabama onderneem het deur die Boland, Oos-Kaap en die Vrystaat. Stampvol sale was 'n algemene gesig ten tye van opvoerings.

Daar was ook hoogtepunte beide op die verhoog en daar af. In Worcester, waar die verkeerspolisie hulle hande vol gehad het om Alabama en hulle luidsprekers voor te keer, die onvergeetlike gesig vanaf Seinheuwel, die straatoptog in Paarl met Joe en sy besem vooraan.

'n Besoek aan Rembrandt waar die mans moes toesien hoe myle en myle sigarette voor hulle oë verby beweeg, sonder dat jy slegs een ou myltjie vir jou mag neem. Die Bergkelders van Stellenbosch met sy uitvoer wyne en kwaai produksiebestuurders, die helder klanke van 'n studentelied in die Kangogrotte — ai, wie sal dit vergeet.

Verskeie oud-studente saamtrekke was gehou en het die oud-Pukke lekker met die huidige studente gesels. Enigiets, van koshuiskos tot sleepbankies. Die toer van 1970 was 'n waardige begin in baie ander toere, 'n nuwe dekade en 'n nuwe eeu vir die P.U. vir C.H.O.

## Alabama:

# Genotvolle aanbieding, maar skaafplekkies hinder

**Die Alabamastudentegeselskap o.l.v. Johan van Rensburg. Die Totiussaal, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. 4 tot 8 Augustus.**

**Weer eens slaag Revue 70 om met die klem op musiek en nogmaals musiek vir 'n aand van ongeëwenaarde genot en ontvlugting van die werklikheid te sorg. Die musiek wat aangebied is, was ruggraat-rillend, hoendervleis-kryend, sommer lekker om na te luister, sjarmant en oëtoeknyp ontspannend!**

In retrospeksie was daar in hierdie program nie so 'n wye verskeidenheid liedjies as vorige jare nie, as gevolg van die vier groepe keurspele. Hierdeur was die tweede helfte in 'n oogwenk verby en het ons verlede jaar se treffer; „Can-Can" weer ontmoet.

Die eerste liedjie was as 't ware die beleidsverklaring: „Comedy Tonight". As die woorde duideliker was, sou die effek ook baie groter gewees het. Die sjarmantste nommertjie op die program was ongetwyfeld „You Two" soos 'n fyn koketterige glimlaggie wat mond en oë raak.

Die keurspel uit „Fidler on the Roof" was absoluut uitmuntend. Die verwerking van die musiek, die asemberowende klank van die koor en orkes en die Russiese atmosfeer wat deur die bewegings geskep is, was onverbeterlik. En ai! mens kon tot in jou kleintoontjies lekkerkry vir Thinus du Plessis se „If I were a Rich Man".

Alabama se decor, beligtings- en byklanketegniek bereik 'n hoogtepunt in die tweede helfte. Die projeksie teen die agtergrond, die wisselende kleure, die kaleidoskoopdecor saam met die elegante dameskostuums en veral die fantastiese effek in „Wandrin' Star" was tipies van die sprokiesland atmosfeer waarvoor Alabama bekend is.

Hier was dit die „Riverboat Songs" wat die hart gesteel het — veral „Mark Twain" en „Those Good Old Riverboatdays". Beide liedjies was uitasem-lekker om te sien en te hoor. Soos met „Comedy

★ *Vervolg op bladsy 8*

after action satisfaction






alive with flavor

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM



Mnr. Johan Snyman, lektor in die departement Wysbegeerte wat elders in hierdie uitgawe sy mening lug oor die afgelope A.S.B.-kongres.



Danie Greeff van Liberalia, is die Puk se stoeispringbok wat Woensdagaand in die toets teen Nieu-Seeland deelgeneem het.
(Foto: Fotokuns)





OUERS VAN DIE TWEEDEJAARS BESOEK UNIVERSITEIT MÔREOGGEND.



'n Swarttrui met die bal terwyl J. Barnard en B. Bernardo op hom afstorm.



Dis Tiaan Coetsee wat hier 'n sagte landingsplek verskaf vir 'n lastige Poot. Net jammer die Poot was te laat. Die Puk het met die grootste oorwinning in baie jare, nl. 30—3 geseëvier oor 'n Pote-vyftiental wat met die stert tussen die bene van die veld afgesluip het.



Schalk van der Merwe en Tiaan Coetsee spéél met die bal, terwyl die drie Pote vir mekaar kyk asof hulle wou sê „wat nou, ou maat, hier's een agter en een voor?"

## RITMEGROEP SE PLAAT

JOHAN VAN RENSBURG en sy ritmegroep se plaat sal eersdaags beskikbaar wees. Die opname is in die ateljees van Dan Hill gemaak. Bestellings vir die plaat kan by Fotokuns geplaas word en dit beloof om 'n aanwins vir enige plateversameling te wees.

## Semesterpunte!

Sou dit slegs die skoner geslag wees wat in hulle uitslae belangstel, of is dit net dat die manne nie té gretig is om hulle gesigte te wys nie? Dit lyk in elk geval nie asof hierdie dames baie beïndruk is met wat hulle sien nie.



## BIBLIOTEEK-STUDENTE TOER

**DIE finale jaar Biblioteekkundestudente het verlede week 'n baie interessante toer na biblioteke in en om Pretoria en Johannesburg onderneem.**

Tydens die vyfdaagse besoek het almal onder die indruk gekom van die geweldige outomatisasie wat daar op die oomblik in biblioteke aan die gang is. By die Randse Afrikaanse Universiteit se biblioteek het die studente bv. gesien hoe die uitleen van 'n boek vergemaklik kan word m.b.v. 'n rekenoutomaat. Geen kaartjies word ingevul nie, die gegewens word net binne enkele sekondes uitgetik. Net so maklik is dit dan weer om 'n lys te kry van al die boeke wat uitstaande is. In Yskor se biblioteek was almal ook die meeste geboei deur die masjien wat so netjies en vinnig kan sê bv. deur wie 'n sekere boek uitgeneem is.

By die Johannesburgse Openbare Biblioteek is daar weer 'n stelsel van liggies wat begin brand wanneer iemand bo 'n boek uit die kelder nodig het. Daar was selfs 'n paar dapperes wat hulle op die „bromponies" gewaag het waarmee die boeke dan gehaal word — dit bespaar sowaar heelwat loop en tyd!

Verder is die Openbare Biblioteek van Pretoria, Staatsbiblioteek en verskeie ander inrigtings besoek.

Die besoek aan Afrikaanse Springstowwe en Chemiese Industrieë se inligtingsdiens was beslis 'n baie goeie afsluiting van 'n leersame toer, en almal sal seker nog lank die heerlike braaivleis daar onthou.

die WAPAD

VRYDAG 7 AUGUSTUS 1970

# Bou so voort

Die bou van 'n brug in Swaziland ter bevordering van sendingwerk deur 'n groep studente is voorwaar lofwaardig. Die projek wat onder leiding van Korps Veritas Vincet aangepak is, is nn meer as een opsig 'n voorbeeld van onbaatsugtige diens wat in ongerieflike omstandighede verrig is. Hierdeur het Korps voortgebou op sy werk wat hy reeds verlede jaar begin het deur die oprigting van 'n kerkgebou in Botswana en bewys dat dit hulle erns is in hulle taak om die Christelike beginsels ook na buite uit te bou.

Ons vertrou dat Korps sal voortgaan met hierdie projekte en dit selfs sal uitbrei. Groter projekte kan aangepak word en ons glo werklik dat veel meer studente betrek kan word deur behoorlike propagering en werwing vir soortgelyke take.

Verder moet die moontlikheid ook ondersoek word om soortgelyke projekte in die bantoetuislande aan te pak. Die behoefte is daar sekerlik en die noodsaak soveel groter. Daardeur sal 'n diens verrig word aan diegene teenoor wie ons volgens ons voogdyskapverhouding verplig is om dit te doen.

Op hierdie wyse sal nie alleen brûe van welwillendheid daargestel word nie, maar ook 'n geleentheid om ons roeping te vervul. Aan Korps: Bou so voort!

# A.S.B.-Kongres

Die afgelope ASB-kongres was in 'n mate teleurstellend maar nie heeltemal vrugteloos nie. Teleurstellend, omdat weens gebrekkige samewerking prominente sake van die vorige kongres blykbaar nie bevredigend aandag gekry het nie en besprekeng en referate nie altyd aan die verwagtings voldoen het nie. Aan die kredietkant kan egter sake soos studentskakeling, projekte tot voordeel van die student en die kwessie om die gewetensklousule genoem word.

Kritiek op die ASB na die kongres het dan ook nie uitgebly nie. Dit is nodig en as die ASB opbouende kritiek ter harte neem sal dit 'n heilsame uitwerking op die hele organisasie hê. Tog moes ons ook luister na dieselfde afgesaagde kritiek en holle frases waaraan ons die afgelope tyd gewoond geraak het, of dit nou op die rekening van die ASB moes kom al dan nie.

Een van gewildste aantygings teen die ASB is dat dit té akademies is (andere sê weer die Afrikaanse student is akademies die luiste) en hom té moeg maak met dinge soos lewens- en wêreldbeskouing wat tog geen verband hou met ons werklike probleme nie. Hierdie gevaar bestaan daar wel maar dit sal 'n jammer dag wees as ons studenteleiers vraagstukke benader sonder 'n prinsipiële uitgangspunt.

Die veranderinge in die struktuur van die organisasie kan tot die bond se voordeel strek maar alleen die tyd sal leer of dit wel die geval was. Intussen hoop ons dat die tekens van vernuwing in die benadering van die ASB sal voortduur.

KOLLEGE DIENSSENTRUM

**Studente ! !**

Julle ken almal

Oom Chris Coetzee

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Dawie Swanepoel
Subredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver — tel. 2119
Politieke redaktrise: Henriëtte Murphy — tel. 3214
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Sportredakteur: Phillip Otto — tel. 2172
Asst.-Sportredakteur: Dawid van Rooyen
Kunsredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Fotoredakteur: Ben v. d. Walt — tel. 7088
Fotograaf: Flip Dwinger
Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm — tel.
Spotprenttekenaar: Andre Schutte — tel.
Sirkulasiebestuurders:
Francois Kruger — tel. 2030
Louwtje Naude — tel. 2030
Sosiale verslaggewers: Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; William du Toit; Jannie Earle.
Politieke verslaggewers: Nina Venter; Katrientjie van Rensburg; Jaques Verster.
Akademiese verslaggewers: Barbera de Klerk; Elize Pienaar.
Sportverslaggewers: Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk; J. du Pisani.
Kunsverslaggewers: Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.

# TALLE VRAE NÁ A.S.B.-KONGRES

J. J. Snyman

**NA DIE AFGELOPE A.S.B.-kongres het heelwat vrae ontstaan rakende die opset van hierdie organisasie. Ek hoop ek deel met diegene die eerlike vraagstelling rondom die struktuur van die A.S.B., veral wat betref die „Afrikanerrsâák!" Hierdie woord, sowel as „Christelik Nasionaal" het holle frasetjies geword op die afgelope kongres te Port Elizabeth. Hulle is rondgeslinger, gegeur met bloed en trane — so asof dit pas by 'n goeie Afrikaanse student om hom onomwonde daarmee te identifiseer, terwyl die selfvoldane geroem daarin verraai dat diegene nie weet waarvan hulle praat nie. Maar die „image" bly gehandhaaf — siedaar, sulke „Afrrikânerrs!"! En wee dié Afrikaanse student wat nog nie gelet het op die talle bedreigings vir dié Afrikanersaak nie! Hy moet kongres toe kom om te kom sien watter sondes (liefs nie Afrikanersondes nie) uitgeruik word. Dit het my laat frons:**

Die *gesindheid* van die Afrikaanse student het 'n *mentaliteit* geword. Hierdie student sit die heeltyd en kyk met valk-oë na instansies búite hom: die koerantwese, die owerheid wat die gewetensklousule moet afskaf, die kerke wat moet verenig op waarheidsgrondslag, ens. Húlle moet voldoen aan die versoeke (eise?) wat die student stel by wyse van mosies.

Daar is selfs gesê dat sekere instansies se hande gesterk voel deur dié mosies omdat dit vertolk kan word as komende van 'n *pressiegroep*. Maar kan die A.S.B. van homself praat as 'n *pressiegroep?* Hierdie mentaliteit verraai dat die A.S.B. nie meer helderheid het oor sy taak as liggaam vir *studente* nie. Dis ryk spyse wat die A.S.B. 'n hewige galaanval besorg het, met daarmeegepaardgaande hoofpyne.

**Popmusiek**

Op 'n vroeë stadium van die kongres word mosies aangeneem teen permissiewe Sondagkoerante wat die „Afrikanersaak" benadeel en die morele peil van die Afrikanervolk bedreig. Maar ná die amptelike dinee moet juis „gevaarlike permissiewe" (pop-) musiek agtergrond bied vir laat-aand-ontspanning op hoogs kontinentale (en Amerikaanse?) wyse. Rym dít?

**En die afskaffing van die gewetensklousule word eenparig voorgestaan, terwyl 'n verslag oor Christelike wetenskap hierdie saak verloën, en daar 'n onderlinge verkettering is oor die moontlikheid van Christelike wetenskap. Hoe rym dit?**

**Akademies lui**

Die kongres is gekenmerk deur 'n gees (of mentaliteit) van selfvoldaanheid. Die onder-president was baie optimisties dat NUSAS die dekade (is dit te lank gestel?) nie sal oorleef nie, terwyl almal blind is vir die merkbare steriliteit van die A.S.B. Een referent het selfs opgemerk dat daar nog nóóit 'n probleem onder die Afrikanerstudente was nie (sic!). Dit is op sy beste 'n toonbeeld van kortsigtigheid — iets wat meer by die Afrikaanse student tuis te bring is as by enige ander student in hierdie land.

**Dit ontbreek die Afrikaanse student aan skerp insig en daaruit voortkomende raakvat, want hy is die akademies luiste student. Ook hierdie bewering is nie vérgehaal nie — van die gelewerde referate het duidelik getoon dat die referent nie sy onderwerp met deskundigheid kon beheers nie.**

Die gevolg? 'n Terugval op Afrikaanse en Calvinistiese clichés, want die probleme van 1970 is nie onderken nie. Die taal van 1902 en 1938 is gepraat. Dís mos goeie Afrikaans, en veilig. Die gevaar van on-Afrikaanse etiketering is dan mos soveel minder!

**„Gewone student"**

Die veragtelike term, „gewone student", het oplaas ook ingeburger geraak in A.S.B.-geledere. (Daar is 'n referaat gelewer oor hierdie

★ *Vervolg op bladsy 5*

## Uit die Woord

# DIE KRAG VAN DIE OPSTANDINGSEVANGELIE

Matt. 28 : 5, 6: *Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: „Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos hy gesê het.*

*In hierdie enkele woorde lê daar 'n geweldige dinamiese krag opgesluit. Mattheüs verhaal aan ons die kragvolle gebeure rondom die opstanding van onse Here Jesus Christus en so geweldig was die opstandingsgebeurtenis dat die skokgolwe daarvan vandag selfs duideliker gevoel word. Die gebeure op die opstandingsmôre was geweldig. Eers is die hemel in beroering gebring deur die opstanding van Christus. Daarna sou die aarde sidder voor die heerlikheid van die opgestane Christus. Geharde en geoefende soldate wat 'n Dooie moes bewaak het self soos dooies geword in hul vrees.*

*Gelowiges wat aanvanklik verslae, bevrees en bedroef was het deur die opstanding van Christus met groot blydskap na die graf gehardloop. Daar was selfs wedywering om eerste by die graf te wees (Joh. 20 : 4), „En die twee het saam gehardloop en die ander dissipel (nl. Johannes) het vooruit gehardloop vinniger as Petrus en het eerste by die graf uitgekom". Jesus lewe! Hy het opgestaan! En weer moet die owerpriesters haastig beraadslag. Die soldate word omgekoop: „Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel, terwyl ons aan die slaap was", en hierdie bedrywighede gaan al verder en verder.*

*Op teologiese gebied gaan dit vandag druk. Nuwe teorieë sien die lig. Krete soos „God is dood" word gehoor. Die satan en sy engele is net so bedrywig, want die wederkoms van die lewende Christus is al so naby, en daar is nog so baie wat gedoen moet word, so baie gelowiges om nog te verlei, en die tydjie is so kort...*

*En ons wat in Christus in beginsel reeds anderkant die graf en die dood staan, hoe doods en verstar is soms nie te midde van al hierdie bedrywighede wat deur die krag van die opstandingsevangelie te weeg gebring is? Hoe tevrede en selfvoldaan is ons nie, terwyl ons lig onder 'n maatemmer verberg en verder ons oë sluit vir dit wat in die wêreld gebeur nie?*

*Mag die krag van die evangelie van die opstanding van ons Here Jesus Christus ons laat wakker skrik en ons uit die sluimerslaap en ons laat besef dat Jesus werklik lewe! Laat ons doen wat ons hand vind om te doen en om dit goed te doen om te leef en te arbei tot eer van ons Koning, en ons lig te laat skyn in hierdie bedrywige wêreld wat in rep en roer is oor die opstanding van die lewende Here.*

M.P.H.

DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

# Dosentetoer na Malawi suksesvol en interessant

**DIE TOER NA Malawi wat deur dosente van die Potchefstroomse Universiteit meegemaak is, was uiters suksesvol en vrugbaar. Prof. H. J. Coetzee, leier van die toergroep, het gesê dat al die kontakte wat hulle hul ten doel gestel het, gemaak is.**

Volgens prof. Coetzee is geleentheid aan die dosente gegee, om die land in al sy fasette beter te leer ken. Alhoewel die land in oppervlakte kleiner is as die Vrystaat, lyk dit groter omdat dit lank en smal, omtrent 600 myl by 100 myl, is. Die landskap vergelyk met die van Thabazimbi-Messina, terwyl die plantegroei ooreenstem met dié van die Bosveld. Die land se klimaat is warm met 'n hoë reënval in die somer, maar as gevolg van die ontwikkeldheid van die inwoners is daar buite die reënseisoen nog maar min verbouings. Kleiner besproeiingsskemas waar rys verbou word, is egter al aangelê onder leiding van Chinese ingenieurs uit Nasionalistiese China.

**Goeie gesindheid**

Die gesindheid van die Malawiërs teenoor die blankes van Suid-Afrika was baie goed. Daar was al heelwat van die mense in Suid-Afrika, en almal is ons baie goedgesind. Die dosente kon nie self met die President, dr. Banda, kennis maak nie, maar hulle het hom gesien by die fees, en ook foto's geneem.

Al die dosente is dit eens dat die toer baie leersaam en interessant was, en al die inligting behoort in die verwerkte verslag teen Oktober beskikbaar te wees. Daar word beplan om dan een aand aan die studente ook die geleentheid te gee om die land te leer ken deur middel van 'n skyfievertoning en 'n lesing oor Malawi.

**Prof. Coetzee het ook gesê dat die reëlings om volgende jaar weer so 'n toer te onderneem, goed vorder. Dan sal dit na die Malgassiese Republiek wees.**

**Lening verskaf**

Die suidelike deel van die land is die mees ontwikkelde deel, maar met die verskuiwing van die hoofstad na Lilongwe, in Sentraal-Malawi, sal die ontwikkeling ook vinniger vorder. Vir hierdie doel het die Universiteit ook 'n lening verskaf. Malawi het ook sy eie universiteit, alhoewel dit nog baie jonk is. Daar kan vyf afdelings onderskei word, waarvan slegs een kollege kursusse op gradevlak aanbied, en die ander diplomakursusse.

Interessant is die korrespondensiekolleges in die land. Waar daar by ons deur die korrespondensiekursusse voorsiening gemaak word vir naskoolse opleiding, gee die Malawiërs meesal leiding vir primêre en sekondêre opleiding. Dit is so omdat daar 'n tekort aan onderwysers en skole is. Daar is reeds 18,000 inskrywings by hierdie korrespondensiekollege.

## NUWE NAAM

DIE gewilde Potchefstroomse Dam het onlangs 'n nuwe naam gekry. Die stadsvaders het onlangs op hul vergadering besluit dat die Dam-ontspanningsoord 'n meer gepaste naam sal wees as die Damvakansieoord. Dit is nie bekend of hulle daarby die studente in ag geneem het wat meestal vakansie hou en tussenin by die Dam gaan ontspan nie.

**A.S.B.-KONGRES**

★ *Vervolg van bladsy 1*

Verdere inligting behoort eersdaags bekend te wees i.v.m. hierdie toer.

Die kongres besluit dat die „Afrikaanse student" 'n wesensverandering moet ondergaan, om meer verstaan te word. Aandag sal dan ook aan die saak gegee word. As mondstuk van die A.S.B. was dit nie altyd verstaanbaar genoeg nie.

## STIGTINGSVERGADERING VAN S.A.B.

**DIT IS moontlik dat daar reeds verteenwoordigers van die S.A.B. op die komende S.R.-verkiesing, op 3 September gekies sal word om sitting te hê op die S.R. Voor daardie tyd moet verteenwoordigers van alle verenigings egter nog bymekaarkom om die grondwet vir die S.A.B. op te stel, asook om die praktiese implikasies van so 'n stap te bespreek.**

**Mnr. Johan Kruger het 'n beroep op alle voorsitters van belanghebbende verenigings gedoen om op Donderdagaand 13 Augustus om 7.30 nm. 'n vergadering met die doel by die S.R.-kantoor by te woon, by welke geleentheid die S.A.B. amptelik tot stand gebring sal word.**

**Verenigings wat nog oor die aangeleentheid moet besluit, word ook gevra om so spoedig moontlik van hulle te laat hoor.**

**Mnr. Kruger het sy blydskap uitgespreek oor die positiewe reaksie wat van soveel kante ontvang is. „Die S.A.B. kan slegs tot voordeel strek van die onderskeie verenigings, hul lede en daarom die hele Universiteit", het hy bygevoeg.**

## *Talle vrae . . .*

★ *Vervolg van bladsy 4*

fenomeen.) En hierdie student is aandadig aan die kwynende belangstelling in die A.S.B., nie die steriele, opgeblase student op die kongres nie.

Ten slotte enkele opmerkings na aanleiding van bogenoemde:

Is die A.S.B. bewus van die verdemokratisering van Afrikaanse universiteite? Dan sal hy weet wat om te maak met die sg. gewone student, as hy besef dat hy gebonde is aan tersiêre onderwysinrigtings en húlle ontwikkelings.

Kan verder verwag word dat op elke campus 'n mikro-A.S.B.-'tjie op die gesagvolle patroon van die oorkoepelende liggaam bestaan? Moet die klem nie van die nasionale organisasie verskuif na die individuele organisasie op elke campus nie? Dan sal daar minder subtiel-venynige pogings deur verskillende sentra wees om 'n plekkie in die son te kry op die kongres. Die A.S.B. durf geen studente-V.V.O. wees wat nog boonop beleid formuleer nie!

**Ander bedeling**

Het die A.S.B. al agtergekom dat dit 1970 is? Het hy al die student van 1970 op die mond gekyk (soos Luther gesê het)? Dit beteken dat die A.S.B. antwoorde moet bied op die „situasie" van hierdie Afrikaanse student binne 'n veranderende universiteitswese, 'n geheel anderse politieke bedeling (of het die simptome van die afgelope verkiesing by hom verbygegaan?), 'n anderse kulturele bedeling met die groeiende getal immigrante, ens.

**Die vraag is nie hoe om defensief op te tree nie, maar hoe om op mensliewende, aantreklike wyse die hele kaboedel op sleeptou te neem. Hoe kan die Afrikaanse student dinamies wees as hy glo dat hy geen probleme in eie geledere het nie (die permissiwiteit het hom mos nie aangetas nie, en sal hom nooit aantas nie!), maar kongres gaan hou oor probleme wat hom dan in ieder geval nie aangaan nie?**

Die remedie is: minder basuin blaas en 'n stywe dop purgasie. Dit mag nie gaan om die krampagtige gesweer by 1902 en 1938 nie, want selfs die groothede van hierdie tye mag blyk onbelangrik te wees vir 1970. Roem op die sg. voortreflike geskiedenis van die Afrikaner gaan nie die Afrikaanse student deur hierdie dekade sien nie, nog minder sy holruggeryde Christelik-Nasionale lewensbeginsels waarmee alles sonder meer afgekam word.

Wat beteken hierdie beginsels alles vir die Afrikaanse student in sy klaskamer, in die koshuis, in sy *gereserveerde* kritiek, in sy spel, ens.? Is die Afrikaanse student bespraak in hierdie sake? Hy moet minder van dosente, doseermetodes en universiteitsowerhede verwag, en méér self studeer. Sy organisasies sal dan meer eie, natuurlike lewe kry, en 'n mosie wat vra vir erkenning van studenteinspraak sal oorbodig word. Dan het die student mos genoeg om oor te praat en te doen in sy eie besondere ruimte. WERK AKADEMIES!

**A. VORSTER APTEEK**
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

**Plan your career**
with the care it deserves
and, if you are considering a large organisation, take advantage of the visit which Managers from
**UNILEVER**
will be paying to your university in August.
This International Concern,
Lever Brothers and Van den Bergh & Jurgens are two of its larger operating companies, covers a very wide range of activities and can provide progressive careers to final year students and holders of Baccalaureus and Post Graduate degrees from all faculties as well as those in possession of professional qualifications. Ability to take advantage of the development and training opportunities afforded invariably results in a management appoinment within two years.
The functions of Marketing Chemical Engineering and Accounting are receiving special attention at this stage of the Concern's continued diversification.
Watch your Campus Notice Boards for further particulars.
The Manager
Training & Management Development
Unilever South Africa
P.O. Box 1029,
DURBAN

**DIE BULT DROOGSKOONMAKERS**
Spesiale diens
Voor 12 vm. dieselfde dag
Kollektante in koshuise

**SOMER- EN WINTERMATERIALE**
van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente
**BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM**
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

**PARADISE RESTAURANT**
● Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
● dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
● EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER
●
Tomstraat 86 Tel. 5474

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING
Nou OOK 'n wye keuse vir
★ PLATE
by
**PRO REGE - PERS BEPERK**
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

# Swazi's bra skrikkerig vir Korps se brug

**OM SESUUR, Woensdagoggend 1 Julie, moes die bus van die Tegniese Departement met 16 studente aan boord na Swaziland vertrek. Maar 'n paar mans het dit egter as te vroeg beskou, en eers nadat toerleier Sarel van der Merwe 'n wakkermaakrondte voltooi het, kon die lang pad na die Ooste aangedurf word. So het die toer wat deur Korps Veritas Vincet gereël is, in samewerking met die Sendingraad van die N.G. Kerk, dan sy begin gehad.**

Die doel van die toer was om 'n hangbrug te gaan bou oor die Swart Umfolozi by die Phembasendingstasie, sowat 40 myl noordoos van Manzini ten einde die werk in die uitgestrekte gemeente te vergemaklik. 'n Siviele ingenieur het reeds vroeër die opmetings gaan doen, en die mans kon dus dadelik aan die werk spring met die bouery. Die pastorie van die sendingleraar het leeggestaan, en gou het die studente daar ingetrek, en waarlik 'n woning geskep vir die tydperk wat hulle daar sou moes vertoef.

In die vreemde was almal lid van een groot familie. Onder toesig van pa Giel en ma Isabel Erasmus was daar soos in enige toergroep baie gedeelde lief en leed, en voorvalle wat nog lank onthou sal word.

## „Half Whites"

Die werk het aanvanklik baie vinnig gevorder, maar verkeerde materiaal, asook 'n tekort, het sake heelwat bemoeilik, en vertragings veroorsaak. Die goeie gees kon egter nie gedemp word nie: die weer was heerlik warm en die wêreld baie mooi, maar binne die eerste week het almal uitgevind dat die lewe daar nie net maanskyn en rose is nie, en dat anderland se water maar ongenadiglik met 'n mens se maag kan werk.

**Dan was daar ook 'n sokkerwedstryd gereël tussen die „All Blacks" (letterlik, en hulle was almal onder 15 jaar), en die „Half Whites" (want die mans was toe al bruin gebrand, en vuil na die dag se werk met teerpale). Omdat die dames nie wou agterbly nie, het hulle maar korfbal gespeel, maar die moegste uit die stryd getree teen die kleintjies van tien jaar oud.**

## Swoeg en sweet

Na agttien dae se swoeg en sweet, kosmaak, eet, werk en slaap, was die einde uiteindelik in sig. Die kabels het na vele gesukkel gelyk gehang, die loopvlakke was opgesit en gelyk gestel, en die eerste Zwazi's kon oor die brug loop.

**Maar o wee, na al die harde arbeid het die ouer mans net nie genoeg vertroue in die swaaiende brug gehad nie, en net die jongetjies kon sover gekry word om dit oor die brug te waag. Die Zulu-evangelis, Kleopas, het egter die mans moed ingepraat en verseker dat hulle net eers aan die gedagte gewoond moes raak, en dat hulle dan die brug sou gebruik.**

Dit was egter nog nie huis toe nie, want eers moes die geheime van Mosambiek en die Kruger-Wildtuin nog ondersoek word. Die pad het dus gelei na Lourenco Marques, maar die ontnugtering was groot toe dit daar nie so skoon was nie, en die eskudu's wat gelykstaande is aan 'n tiekie net soveel probleme veroorsaak, dat die geel bus gou die hasepad gekies het. Almal het ook teen die tyd al begin huis toe verlang, en die dag deur die Wildtuin, alhoewel interessant, is met verligting voltooi.

## Potch. toe

Daarna was daar net een pad, en dit was Potchefstroom toe. Maar dit was 'n suksesvolle en aangename toer, en dit is met baie hartseer dat van die ander lede afskeid geneem is. Korps wil probeer om van hierdie toere 'n jaarlikse instelling te maak, en mens is nog nie waarlik student voordat so 'n toer meegemaak is nie. Hoe lyk dit, wie gaan almal volgende jaar saam?

## GELDE NIE VERHOOG

**NA DIE Wapad verneem gaan die koshuis en klasgelde van Wits en Kovsies verhoog word.**

**Volgens woordvoerders by die administrasie bestaan daar nog nie so 'n moontlikheid aan die P.U. nie. Dit mag wel op 'n latere stadium verhoog word, aangesien die Staat die subsidie baie gesny het.**

## SANGUITVOERING DEUR LONDENSE SOPRAAN

**DIE departement musiek van die Potchefstroomse Universiteit bied Saterdagaand 8 Augustus 'n sanguitvoering deur 'n besoekende mezzo-sopraan, Elizabeth Hawes, aan. Prof. Pieter de Villiers sal die begeleiding waarneem.**

**Mej. Hawes is van Londen afkomstig en gee gedurende Augustus spesiale sanglesse by die konservatorium. Sy is die eggenote van die skilder Dave Smith, wat in September 'n uitstalling op die Puk hou. Sy eerste uitstalling is Donderdag in Johannesburg geopen.**

**Die uitvoering is in die Konservatoriumsaal en liedere van Schubert, Mahler, Wolf, Duparc Debussy en Ferguson sal aangebied word.**

# *Perkamentpraatjies*

## SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE PRESTEER

GROVÉ STAM uit 'n musikale Vrystaatse familie. Hy kry vroeg in sy lewe as komponis erkenning, maar dit het meer in die kring van ingewydes as by die groot publiek plaasgevind. As 'n mens vandag op sy jeugwerke soos sy liedere, *Berusting en Weeklag*, terugkyk, moet ons erken dat dit nog geen gebalanseerde meesterwerke was en natuurlik kan wees nie. Dit is nog meer proewe van 'n jong kunstenaar om die atmosfeer van sy liedteks te benader.

### ABSOLUTE MUSIEK

In die volgende jare verander Grové se instelling teenoor musiek in 'n groot mate. Hy begin voorkeur toon vir die absolute musiek met sy vastheid van vorm. Hy het al meer en meer bekendheid verwerf.

In '1951 verwerf sy *Elegie vir strykorkes* onder andere 'n besondere sukses met die uitvoering deur die *National Gallery Orchestra*.

Hy verwerf in 1953 'n stipendium waardeur hy as eerste Suid-Afrikaanse komponis in die V.S.A. sy musiekstudie kan voortsit. Hy onderskei hom ook as musiekkritikus.

### DU PLESSIS

*Hubert du Plessis:* 'n Mens vra jouself af of Du Plessis wel 'n Suid-Afrikaanse komponis is. Wat dan bedoel word: het hy in sy komposisies uitgegaan van die Afrikaanse volksmusiek? Sover as wat ek kon nagaan, toon Du Plessis se musiek bewus of onbewus, nêrens die invloed van die eie Suid-Afrikaanse musiek nie. Die groot werklikheid vir Du Plessis is dat daar vir hom geen Suid-Afrikaanse musiektradisie bestaan nie. Die enigste tradisie wat in die Suid-Afrikaanse musiek bestaan, is die uitgesproke voorkeur vir vokale musiek in die algemeen en vir die lied met klavierbegeleiding in die besonder.

As sodanig toon Du Plessis hom 'n regte Suid-Afrikaner want 'n groot aantal van sy werke is vokaal.

Is die figuur van Hubert du Plessis van waarde vir Suid-Afrika? Sonder die minste twyfel. Hy is een van die hooffigure in die musiek van Suid-Afrika wat 'n musiek van hoë en groot standaard help opbou het, waardeur die volgende geslag 'n waardevolle tradisie in hulle land sal vind, 'n tradisie wat Du Plessis en sy tydgenote nie gevind het nie. L.G.

## DAMES GEHELP OM TE VERSLANK

**DIE WINTER is hier, en almal eet meer om die ysige koue te beveg; ook die andersins slanke dames. Daarom het die dieetkundiges besluit om die dames te laat toespreek oor die beste metodes van verslanking asook die regte eetgewoontes.**

**Mej. Hammer van Kultuursake in Potchefstroom het die dames in Oosterhof se eetsaal toegespreek. Dit het die vorm aangeneem van twee een uur lesings op twee afsonderlike Maandagaande, verlede semester.**

**Die lesings is baie goed bygewoon en die dames het gewoonlik genoeg vrae gehad om te vra, sodat baie interessante besprekings die gevolg was. Die eerste lesing was ook toegelig deur 'n rolprent wat gehandel het oor die eetgewoontes van twee dames. Dié prent het werklik in sy doel geslaag omdat dit 'n diep indruk op die dames gemaak het.**

**Mej. Hammer het veral verduidelik dat dit die regte eetgewoontes is wat die welslae in 'n gewone en 'n verslankingsdieet sal verseker. Sy het ook 'n voorbeeld van albei hierdie diëte aan die dames gegee. Sy het die dames se vrae oor suikerpilletjies en verslankingsmiddele op 'n baie interessante wye beantwoord. Dit sal ook nie help om al die tussenin-etery uit te skakel as die etes self nie reg is nie.**

**Heelwat dames het vasberade die saal verlaat met die vaste voorneme om net môre op 'n verslankingsdieet te gaan; dus geen koeldranke en lekkergoed meer nie, maar melk en vrugte.**

**Voorspoed aan al die dames wat van voornemens is om weer binne 'n redelike kort tydperk hulle jeugdige posture te herwin aan hand van die dieet wat mej. Hammer voorgeskryf het.**

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
GEBAK DEUR
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

Vier u groot geleentheid met Rentmeester
'n Verlowing. Bevordering. Huwelik. Baba. Elke lewe het sy groot oomblikke. Hoe kan 'n mens jou geluk 'n bietjie meer permanent maak? Raadpleeg Rentmeester. Elke Rentmeester-polis beteken 'n bestendiger toekoms. Vier dus u volgende groot geleentheid met Rentmeester. Dan is u van lewenslange gemoedsrus verseker.
Rentmeester
VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258
VOLLEDIGE BEPLANDE LEWENSVERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS
adverto 4129/a

Geniet
WILLARDS-SKYFIES
Asook
KAASKRULLE,
FLINGS,
SPRINGMIELIES,
en
SKYFIES

# SUKSESVOLLE THALIA-GROEP TOER VER

**WAT IS DIE afskeid tog swaar na so 'n aangename en suksesvolle toer! Dit was die gewaarwording van die Thaliatoerlede met die terugkeer na hulle 25-daagse toer. Sover dit die spelers aanbetref, het die toer die kroon gespan op die harde werk wat die toer voorafgegaan het.**

Oral op die toer het die toergroep meestal voor vol sale opgetree en aangename gehore het dit vir die spelers aangenaam gemaak om op te tree. Die uitsonderings was daar wel, maar dié vergeet 'n mens gou.

**Na 'n uiters vermoeiende reis, het die toerlede hulle eerste bestemming, Vryburg, in 'n „nie-te-goeie" stemming bereik en boonop voer die vrouens by etlike huise waar kaartjies verkoop moes word as verskoning aan dat hulle mans nie saans tuis is nie! Wel..!**

**Kaal Vrystaat**

Hierna lei die toer verder deur Wes-Transvaal: Schweizer-Reneke, Wolmaransstad; daarna deur die winterkaal landskappe van die Vrystaat: Bothaville, Bloemfontein, Bethlehem (waar dit ysig koud was), Reitz en Ladysmith; en 'n vinnige draai deur Noord-Natal; Glencoe en Newcastle; dan Oos-Transvaal: Ermelo, Baberton, Malelane, Witrivier en vier heerlike dae in die Letaba-natuurreservaat.

In 'n poging om daar te kom het die bus vasgesit en moes uitgestoot word. Dan weer verder noordwaarts deur skilderagtige natuurskoon na Phalaborwa, Tzaneen en Pietersburg, waar 'n besoek gebring is aan die Universiteit van die Noorde — en toe weer huiswaarts — Potchefstroom!

**Hong-Konggriep**

Sonder voorvalle was die toer beslis nie. Daar was die aand op Bothaville toe die klein verhogie amper die oorsaak was van 'n paar ongelukke.

**Op Reitz het die siektes begin. Willie Wandrag en Hettie Steenkamp het Hong-Konggriep opgedoen en almal moes ingespuit word om verdere siektes te voorkom. Hier het Jan de Kock so benoud op die verhoog geword dat hy eers in die „verhoogfontein" afgekoel het.**

Op Tzaneen het Dup (Johannes) du Plessis gesorg vir spannende oomblikke toe hy na 'n oogbesering saam met Tinus Jacobsz dokter toe is en nie betyds terug kon wees nie — Solly Thomas het sommer 'n ontydige pouse aangekondig om 'n katastrofe te voorkom. Na pouse het 'n „eenoog" kunstenaar sy verskyning op die verhoog gemaak.

Om half-agt die oggend van die 25e is die terugtog vanaf Pietersburg aangepak.




DIT is nou al etlike jare dat ek soekend is na 'n inkantasieformule vir my probleme. Nodeloos om te sê dat ek nog steeds soek.

Een van die menige probleme waarmee ek geteister word is die inkompatibiliteit van verskillende benaderings tot die inkonsekwente beleid ten opsigte van die dra van die Puk-kleurbaadjie.

Is dit nie merkwaardig dat die hele Alabama-toergroep, eerstejaars inkluis (sic!), almal hul Broseksamen met goeie gevolge afgelê het en 'n bevredigende kleurpunt opgebou het nie?

Behoort daar nie miskien opgetree te word teen die goedgunstige uitleners van kleurbaadjies nie? Die voëltjies fluit dat selfs 'n baie eerbiedwaardige lid van die samelewing afstand gedoen het van die genots- en beskikkingsbevoegdheid oor sy kleurbaadjie vir die pasafgelope vakansie.

Nog steeds kleurbaadjies.

Vandag is VRYdag en vandag praat ons kleurbaadjies.

Dit is tog jammer dat die reklameplakkate wat vanjaar so sierlik orals pryk (letterlik en figuurlik), met die *Vrydag is kleurbaadjiedag-veldtog* sulke erotiese hoogtes moes bereik: Almal vry nie...

Ek moet 'n ruiker uitdeel vandag. Dit gaan aan 'n rubriekskrywer in 'n Engelse motortydskrif wat sy oorsprong in die liberale Suide van die land het. Hy skryf: I would much rather see my young sons apprenticed as motor mechanics after finishing school.., than frittering their time away growing beards and getting involved in infantile politics in the Arts faculties at some of our august universities.

Graag sou ek nog Wysbegeerte daar wou byvoeg.

Praat van demokrasie dan praat

★ *Vervolg in kolom 1*

# STUDENTE GESELS IN TUISLANDE

**OP Woensdag, 1 Julie het sowat 15 lede van die Departement Bantoetale vertrek op besoek aan verskeie Bantoetuislande, waar die studente kon kennis maak met die Bantoeleefwyses op hulle eie terrein.**

Die eerste aand van die toer het die toerlede by die Loskopdam oornag en die volgende dag vertrek na Webo, 'n klein plekkie waar slegs twee blanke gesinne woonagtig is. Ten spyte hiervan is die plek toegerus met 'n speelpark, waar selfs 'n trampolien, verskeie swaaie en 'n buitelugvleisbraaiplek aangebring is.

Daarna is die reis voortgesit en is 'n besoek gebring aan Sekwatiland. Hier het die lede van die toer die geleentheid gehad om met die 92-jarige koning Sekwati te gesels. Koning Sekwati is een van die weinig bevoorregtes, wat te danke aan sy sowat twintig vroue, nie kan kla oor 'n gebrek aan vrouegeselskap nie.

Hierna is ook 'n besoek gebring aan Sekoekoeniland, waar koning Sekukuni II oor die hele gebied regeer. Verskeie opleidingsentrums vir Bantoeboere, asook etlike besproeiingskemas is besoek.

Die toer was ook van groot praktiese waarde, aangesien die studente die geleentheid gehad het om die taal te hoor by monde van die natuurlike sprekers daarvan. Hulle kon selfs in gesprekke met die Bantoes, van hulle kennis van die taal gebruik maak, wat deur die inwoners van die tuislande baie waardeer is.

Selfs 'n Bantoetale-toer het ook sy ligte aspek. Die aande is gesellig langs die kampvuur deurgebring met kitaarbegeleide sang en spookstories. Almal het meegehelp om van die toer 'n groot sukses te maak. Mnr. Nols Swanepoel het selfs sy hand gewaag aan die papmakery. Op 8 Julie het die toergeselskap teruggekeer.

**DEUR MY LENS**

★ *Vervolg van kolom 5*

jy van die A.O.B. (Almal Ou Boeties). Kom ons herdoop dit na A.O.B.B. (Algemene Organisasie vir Baantjies vir Boeties). Shame. En toe word sy grondwet nog goedgekeur ook.

GEE 'N MAN 'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# Onwillige weduwee:

# IS DIT 'N KLUG?

**Stuk: Die onwillige weduwee deur Henriëtte Grové.
Thalia-Toneelgeselskap.
Regie: Folkert van Graan.
Totiussaal, 1 Augustus.
Dis 'n heerlike stuk dié, lig en vol van 'n speelse gespot met die mens in 'n skerpsinnige dialoog. Die dramaturge sê dis 'n moderne klug en 'n klug is dit inderdaad met al die toevallighede en onwaarskynlikhede wat vir die oomblik bedoel is. Tog is daar iets onklugtigs aan hierdie klug, iets wat jou bybly en so af en toe laat nadink. Dit is miskien deur die dramaturge so bedoel of miskien is dit deur die hoofspeelster se spel so.**

Oorlede alomgeëerde stadsvader Sybrandis van der Bank se testament bepaal dat sy mooi en jong weduwee en 'n aantal familielede en instansies slegs geld ontvang solank Margaretha van der Bank ongetroud bly.

**Hebsug van mens**

Daar word gespot met die hebsug van die mens, want die familie en vriende gun dié weduwee geen geluk nie, jaar na jaar word Sybrandis se sterfdag herdenk, 'n nuwe enorme graf word in die tuin opgerig en sy nagedagtenis word groen gehou deur die muntvrywende familielede. Wanneer die vryers begin opdaag, word sy deeglik opgepas. Die stuk eindig op 'n sprokiesagtige romantiese noot wanneer alles regkom, behalwe natuurlik die geldkwessie.

Sandra Ferreira, die weduwee, gee 'n veel dieper dimensie aan die rol deurdat sy amper tragies speel. 'n Mens het simpatie met die arme vasgekeerde weduwee wat smag na liefde. Waar die ander spelers byna deurgaans ligter speel, vorm haar spel 'n te sterk teenstelling en kom die speelsheid van die stuk en die skerpsinnigheid van die dialoog nie heeltemal tot sy reg nie. Sy het ongetwyfeld baie talent maar dis asof sy nie heeltemal kon inskakel op die klugtige toon van dié stuk nie.

Daar was vitaliteit en sprankeling in die spel van Henriëtte Brand in die rol van Lottie, die aardse werkster. In die tradisie van die klug speel ook die oulike blikslaner Douw (Schalk Naude), die preutse miss Sysie (Petru van Zyl), Kaptein Jim (Solly Thomas) en dr. Johannes Prosema (Jan de Kock). Liesbet Schoeman vang iets vas van 'n oumenspatos in haar vertolking van die klein rolletjie van die ou vrou.

**Oorspeel effens**

Die ouderling (Willie Wandrag) het 'n kostelike stemgebruik, die slagter (Johan du Pisanie) oorspeel effens, oom Maans (Daantjie van Graan) pas in sy rol, meester Loeries (Nick Coetzee) kon 'n bietjie meer tipies onderwyser gewees het en Johan Hoogendyk verdien lof vir die vinnige instudering van die rol van die kunstenaar. Die drie vryers (Gerrit Pienaar, Ockie Raubenheimer en Kobus Strydom) en die drie vrybare dogters (Jeanette Mengel, Ilse Pellisier en Ingrid Lange) lyk heel goed op die verhoog, maar maak nie so baie indruk nie. Tant Lalie (Daléne van Reenen) oortuig taamlik.

Die tempo is te stadig vir 'n klug, daar moes meer sprankeling en beweging gewees het. Dit is 'n goeie metode om die spelers soms in die gehoor te laat inpraat, dan word meer kontak gemaak.

**Musiek paslik**

Die dekor is funksioneel vir 'n toerprogram. Genadiglik het hulle nie boomtakke in die bostoneel op die verhoog geplaas nie — dit sou na 'n kleuterkonsert gelyk het. Die kostumering is bevredigend en die grimering is net van voor in die saal af in die meeste gevalle bietjie streperig. Die gewone lig in die eerste twee bedrywe en die gekleurde lig in die bostoneel pas by die aard van dié bedrywe. Die musiek vooraf is lekker lig en pas by die stuk.

Alhoewel ek voel dat daar van die klugtigheid van dié klug verlore gegaan het, dink ek dat die spelers die goeie applous wat hulle ontvang het, wel deeglik verdien het. Dit was 'n genotvolle opvoering, en dit is die belangrikste, veral as 'n mens 'n klug opvoer.

(L. Groenewald)

# DIE (ON)WILLIGE WEDUWEE



Dit lyk asof Jan de Kock, alias prof. Prosema, en Sandra Ferreira, as die onwillige weduwee, baie op hulle gemak is tydens 'n ingewikkelde toneeltjie uit die toneelstuk. Die toer van Thalia was baie suksesvol, gesien deur die bril van die toneelganger. (Foto: Fotokuns)

# STRAUSS-ENSEMBLE GAAN VIR KWALITEIT SORG

OP DIE veertiende en vyftiende Augustus ontvang Potchefstroom besoek van twee eersterangse groepe musici — die Strauss-ensemble en die S.A.U.K.-simfonieorkes.

Die simfonie-orkes se uitvoering is deel van die S.A.U.K. se Beethovenfees. Edgar Cree is die dirigent, terwyl Annie Kossmann (viool), Alfredo Stengel (tjello) en Sini van den Brom (klavier) as soliste saam met die orkes sal optree.

Die Johann Strauss-ensemble van die Weense Simfonie-orkes bestaan uit twaalf lede: ses strykers en ses blaasinstrumente. Die direkteur, prof. Walter Rischacher is ook die eerste violis. Die ensemble het in 1965 ontstaan en tree gereeld in Wenen op, terwyl konserttoere in Europa onderneem word. Onlangs het die eerste toer na Noord-Amerika plaasgevind.

KWALITEIT

Die doel van die ensemble is om die Strauss-familie se musiek in sy oorspronklike vorm, d.w.s. vir 'n klein orkes aan te bied. Klassieke danse van Haydn, Mozart, Beethoven en Schubert word ook uitgevoer.

Daar kan met reg uitgesien word na die uitvoering van hierdie kunstenaars — wat gelykgestel word met die prestige kwaliteit van die Weense Seunskoor.

# ALABAMA



Die Alabama-toergroep wat weer terug is na 'n besonder suksesvolle toer met Revue '70. (Foto: Fotokuns)

★ *Vervolg van bladsy 2*

Tonight" het ook 'n groot deel van „Consider Yourself" verlore gegaan omdat die woorde onduidelik was.

Aan die onduidelikheid van veral die Engelse liedjies se woorde sal beslis geskaaf moet word — beide die Duitse en Afrikaanse woorde was tog duidelik verstaanbaar. Somtyds was die balans tussen koor en orkes nie honderd persent nie, bv. in „Wandrin' Star" waar die orkes in hoogste volume voortmarsjeer, terwyl die koor aan die kortste end trek. Iets wat deurgaans steurend was en beslis afbreuk doen aan proffessionele afgerondheid van die aanbieding, is die swak spasiëring op die verhoog. Die indruk van 'n mooi opstelling, soos in die liedjie „Fidler on the Roof" gaan totaal verlore omdat die koor heeltemal links op die verhoog is.

Die „skiets" was Jo Enslin se persoonlike triomf. Sonder uitsondering was dit die meer aardse humor wat die gehore laat skater het.

Oor die algemeen gesien slaag Johan van Rensburg ook met Revue 70 daarin om 'n besonder genotvolle aanbieding op die planke te bring. Tog was dit, in vergelyking met vorige jare asof Alabama meer gesofistikeerd was en daarom iets van die uit-die-hart-uit geniet en allesoorheersende sprankel verlore gegaan het. In die fyn afgewerkte opvoering was dit net by die „Riverboat Songs" en by „Ein Prosit" wat die lewensblyheid waarvoor Alabama bekend was, deurgebreek het.


Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5038





Die winkel waar
die kieskeurige
dames koop.

AS TWEE GROTES
SAAMSPAN
KRY JY
DIE WENSPAN

SAAMBOU-
NASIONALE
BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.
Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

# PUK moet skaaf vir UKOVS

**VERLEDE WEEK se sege teen Pote was pragtig, maar nog nie goed genoeg vir Kovsies nie. Pote is wel heeltemal vermorsel, maar UKOVS is 'n perd van heel 'n ander kleur en daar lê nog baie skaafwerk vir die Theos voor.**

## op eie werf

Daarmee word daar egter geensins gepoog om afbreuk tedoen aan die Puk se vertoning nie. Die puntjies van kritiek is slegs 'n druppel in die emmer, maar sulke blapsies kan ons intervarsity kos.

Mens dink egter aan die gebrekkige stelskopwerk, wat reeds die wedstryd teen Natal gekos het. Ek wil nie die tranedal aanhoor as ons weer 'n belangrike wedstryd daardeur moet verloor nie.

Teen Pote het Schalk van der Merwe nie so swak geskop nie, maar 'n bal moet tussen die pale deur en nie teen die regoppaal vas nie.

**Daarby het die Theos die losbal al beter beheer as teen Pote. Pote is meestal deur die Pukke oordonder, maar ons kon tog nie al die balle vinnig genoeg wen, soos ons graag wou nie. Selfs in die lynstane is ons van die bal beroof, nadat Steyn en Van Aswegen dit bemeester het.**

Weer 'n keer praat ek van uitsonderings, maar as Pote dit soms kon doen, kan UKOVS dit ook doen. In Bloemfontein sal ons baie losskrums en lynstane moet wen, anders gaan ons vir Joggie Jansen agter die Pukke se doellyn haal.

**Pukke geprys**

Die Pukke is egter heeltemal instaat daartoe om die bal van UKOVS se snellers af weg te hou. Volgens die Queens Club van Buluwayo, een van Rhodesië se spogklubs, is die Pukke se pak een van die hardstes waarmee hulle te doen gekry het.

Daar is dus geen rede vir pessimisme nie. Boonop kan geen span deurentyd sy beste lewer, as hy geen noemenswaardige teenstand kry nie.

Kortom wou ek dus net die volgende gesê het. Hierdie sege teen Pote was pragtig, maar geen rede om te gaan terugleun en droom van intervarsityoorwinning nie.

# UKOVS KRY SLAE

**'N GUNSTIGE kleedrepetisie vir intervarsity. Dis kortliks wat mens kan sê van die Theos se afgelope rugbytoer na Rhodesië, waartydens hulle met Ukovs afgereken het.**

Hierdie wedstryd wat ongetwyfeld die hoogtepunt van die toer was, was deel van 'n interuniversitêre toernooi in Salisbury. Al Ukovs se staatmakers was daar, behalwe die bekende Springboksenter Joggie Jansen.

Volgens verslae wat van die wedstryd ontvang is, is die Kovsies nooit kans gegun om hulle voete te vind nie. Willie Strydom en Nic Boje, Ukovs se skakelpaar, is telkens in besit betrap en daar het dus niks gekom van hulle gevaarlike agterlyn nie. Veral Neels de Bruin en Jimmy van Rensburg verdien lof vir die wyse waarop hulle verwoesting gesaai het.

Daarenteen het die Pukke gladweg beweeg en veral Charles Venter en Frans Kruger het gevaarlik vertoon. Indien die manne nie in die tweede helfte laat slaplê het nie, kon die telling selfs hoër gewees het.

**In die ander interuniversitêre botsing het dit egter minder goed gegaan. Tukkies het ons met 24—9 verslaan en Frans Kruger, spogsenter van die Puk, se rugbyloopbaan is beëindig deur 'n besering. Kruger het bloeding op die brein opgedoen na 'n laagvat.**

Die Pukke moes dus met sewe en later met ses voorspelers die mas opkom, nadat G. Botha ook beseer is. Tukkies se pak het bonop nog oor die dienste van Frik du Preez beskik, wat saam getoer het om fiks te word vir die eerste toets.

**Frik sukkel**

Aanvanklik het Frik voor in die lynstane gespring. Phil Steyn, wat puik vertoon het op die toer, het hom egter so opgekeil, dat Frik later na nommer vyf verskuif het.

Die res van die toer is in 'n ligghartiger gees afgespeel, dog die Theos het nie verder verloor nie. Teen die Queens Club van Salisbury, is ons manne allerwee geloof vir ons puik voorspel.

**Verblydend is die feit dat die jonger spelers so puik vertoon het. Die twee onder-20 slotte, Dries Coetzer en Riaan Lotz het die tonge aan die praat gehad, terwyl Charles Venter en Schalk van der Merwe agterlangs geskitter het. Frans Kruger het self puik vertoon, voordat hy ongelukkig beseer is.**

# ELSA GEKIES

ELSA DE WET is weer eens gekies vir die Suid-Afrikaanse korfbalspan. Hierdie span word jaarliks gekies na afloop van die interprovinsiale toernooi, wat vanjaar in Messina gehou is.

Mev. De Wet, wat ook die onder-kapteine van die span is, is die enigste deelnemer van Wes-Transvaal wat die span gehaal het. Dit is egter die tweede keer dat hierdie eer haar te beurt val. Verlede jaar is sy ook vir dieselfde span gekies.

# Puk dalk oorsee

**VERSKEIE SPORTKLUBS het weer gedurende die afgelope vakansie aan interuniversitêre toernooie deelgeneem en met heelwat eer uit die stryd getree.**

**Skerm**

Die skermklub het dit vanjaar vir die eerste keer op so 'n toernooi gewaag en ons damesspan het derde gekom. Die mans was vierde na Wits, Kaapstad en Natal.

Tertia Strydom is boonop gekies as reserwe vir die Proteaspan. Hierdie span gaan later vanjaar oorsee en Tertia gaan dalk nog saam.

**Tafeltennis**

Die tafeltennisspan het vanjaar ook beter presteer as in baie jare. Hulle het ook derde geëindig.

Die Puk se voorste speler, Ben Schutte is na afloop van die toernooi sesde gegradeer. In die mansdubbelspel is Leon Theron en Ben Schutte derde gegradeer.

**Landloop**

Die landloopspan was ongelukkig nie op volle sterkte nie, want Frans cois Schutte en Johan Kruger het saam met die Suid-Afrikaanse juniorspan getoer. Die mans het egter derde geëindig en die dames vierde.

**Bea Marais, wat die interuniversitere titel gebuit het, George Muldner, Pypies Laubscher en Gawie van Eck, het almal Proteakleure verwerf.**

**Dameshokkie**

Die dameshokkiespan wat sewende geëindig het, is bestempel as die span wat die meeste verbeter het.

**Tennis**

Intussen was die Tennisklub na Umhlali se tennistoernooi, waar Heloise Burger blink tennis gespeel het. Sy is eers in die eindronde deur Mynie van Zyl met 6—1, 6—4 verslaan.

In 'n latere voorgeekompetisie het Retha en Heloise albei die eindronde gehaal. Heloise het Retha toe met 7—5, 4—6, 6—0 verslaan.

# MÔRE SE SPORT

**Rugby**

P.U. vs. R.P.M. (Park).
P.U. o./20 vs. R.P.M. o./20 (Park).
P.U. o./20 B vs. Goldfields (Goldfields).
Drakenstein vs. Hombré.
Dawie Dup. vs. Dorp.
Over de Voor vs. Kompleks.

**Tennis (mans)**

Kompleks vs. Dorp.
Dawie Dup. vs. Drakenstein.
Over de Voor vs. Hombré.

**Netbal**

P.U. vs. Potch. Dorp.
Oosterhof vs. Heide.
Karlien vs. Klawerhof.

**Hokkie**

P.U. vs. Goldfields.
Oosterhof vs. Heide.
Karlien vs. Klawerhof.

# SO VAAR DIE PUKKE

**Rugby**

**Eerstes:**
P.U. 30; P.O.K. 3.

**Tweedes:**
P.U. 21; P.O.K. 6.

**Derdes:**
P.U. 48; P.O.K. 3.

**Vierdes:**
P.U. 14; P.O.K. 0.

**Onder-20:**
P.U. B 14; Sasolburg 8.

**Toeruitslae**

P.U. 21; U.O.V.S. 16.
P.U. 9; Tukkies 24.
P.U. 27; Queens Club 9.
P.U. 18; Salisbury Sports Club 9.
P.U. 34; Salisbury Polisie 14.

**Koshuisliga**

Dawie Dup. A 9; Kompleks A 9.
Dawie Dup. B 3; Kompleks B 3.
Drakenstein 15; Over de Voor A 3.
Drakenstein B 6; Over de Voor B 9.

**Puntestand**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup. | 8 | 5 | 1 | 2 | 12 |
| Kompleks | 8 | 4 | 2 | 2 | 10 |
| Drakenstein | 6 | 4 | 2 | 0 | 8 |
| Hombré | 6 | 3 | 3 | 0 | 6 |
| Over de Voor | 7 | 1 | 5 | 1 | 3 |
| Dorp | 5 | 0 | 4 | 1 | 1 |

**B-liga**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup. | 7 | 5 | 0 | 2 | 12 |
| Over de Voor | 7 | 5 | 1 | 1 | 11 |
| Drakenstein | 7 | 3 | 3 | 1 | 7 |
| Kompleks | 9 | 3 | 5 | 1 | 7 |
| Dorp | 6 | 2 | 3 | 1 | 5 |
| Hombré | 6 | 0 | 6 | 0 | 0 |

**C-liga**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 4 | 3 | 0 | 1 | 7 |
| Drakenstein (2) | 5 | 2 | 1 | 2 | 6 |
| Drakenstein (1) | 4 | 1 | 3 | 0 | 2 |
| Dawie Dup. | 2 | 0 | 1 | 1 | 1 |

**Hokkie**

P.U. 2; P.O.K. 3.

**Toernooiuitslae**

P.U. 0; U.P. 0.
P.U. 0; Rhodes 0.
P.U. 0; Wits 0.
P.U. 6; U.P.E. 0.
P.U. 1; U.O.V.S. 5.
P.U. 0; Maties 5.
P.U. 0; Natal 4.

**Netbal (toernooiuitslae)**

P.U. 9; Kaapstad 19.
P.U. 11; Rhodes 41.
P.U. 24; Stellenbosch 14.
P.U. 27; Bloemfontein 15.
P.U. 26; Tukkies 17.
P.U. 15; Port Elizabeth 25.

**Landloop**

(Dames) 1. B. Marais (P.U.); 2. S. van Zyl (Wits); 3. M. Dippenaar (Tuk).

(Mans) 1. G. Raubenheimer (Natal); 2. J. Halberstadt (Nat); 3. F. le Grange (Stellenbosch); 4. G. Muldner (P.U.); 5. N. de Jager (Rhodes); 6. B. Chamberlaine (Wits); 7. P. Loubscher (P.U.); 8. G van Eck (P.U.).

**Tafeltennis (toernooiuitslae)**

P.U. 6; U.P. 3.
P.U. 1; Wits 6.
P.U. 6; Rhodes 2.
P.U. 6; R.A.U. 0.
P.U. 1; Natal 6.
P.U. 0; Stellenbosch 6.
P.U. 6; Ikeys 2.

**Neser**

| | S | W | G | V | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| R.P.M. | 10 | 8 | 1 | 1 | 17 |
| Strathvaal | 11 | 7 | 2 | 2 | 16 |
| Potch. Dorp | 10 | 7 | 0 | 3 | 14 |
| P.U. | 10 | 7 | 0 | 3 | 14 |
| Klerksdorp | 10 | 6 | 1 | 3 | 13 |
| Rustenburg | 10 | 6 | 0 | 4 | 12 |
| Goldfields | 11 | 4 | 0 | 7 | 8 |
| Western Reefs | 11 | 4 | 0 | 7 | 8 |
| Westelikes | 10 | 3 | 0 | 7 | 6 |
| Sasolburg | 10 | 3 | 0 | 7 | 6 |
| P.O.K. | 7 | 1 | 0 | 6 | 2 |
| Lichtenburg | 8 | 1 | 0 | 7 | 2 |

# *Puk kan Jansen-spook vang*

**DEESDAE HET Joggie Jansen vir die Puk 'n bangmaakgogga geword. Almal weeg deesdae die Puk se intervarsitykanse aan Jansen se sentervertonings. Môre sal egter bewys of ons wel rede het om Jans en se kraglopies te vrees.**

Die Theos se senterpaar, Charles Venter en Jannie Barnard, kom môre voor hulle grootste toets te staan, as die Pukke teen R.P.M. op die veld draf. Hulle het reeds vanjaar die Neserbeker gewen.

Die Rustenburgers beskik oor die Wes-Transvaalse senterpaar, Izak Schaap en Frank Cato. Albei is gevaarlike kêrels en was vir baie van die mynspan se sukses verantwoordelik.

**Indien Venter en Barnard dus môre daarin kan slaag om hulle teenstanders in toom te hou, is intervarsity half gewonne. As ons vir Izak Schaap kan keer, kan ons dalk ook vir Joggie Jansen keer.**

Môre is dalk ook die laaste geleentheid om slaggereed te kom vir intervarsity. Aanstaande naweek het die Pukke 'n loslootjie en die voorosse sal dus ook die skietgoed agtermekaar moet kry.

Gelukkig speel Albie Bates nie. Hy speel natuurlik vir Suid-Afrika in die tweede toets op Nuweland.

Die onder-20 span speel ook môre weer teen R.P.M. en hierdie wedstryd is net so belangrik. In hulle vorige botsing het die mynspan gewen en as die Pukke nog 'n aandeel in die liga wil hê, sal hulle môre wen. Maklik sal dit gewis nie wees nie.

# TOERPLANNE

DIE reisplan van die toerspan van die Paryse Universiteit is uiteindelik gefinaliseer. Die toerspan speel nou die laaste wedstryd van die toer teen die Puk en wel op die 4de September. Dit is op die voeraand van die langnaweek, waartydens die All Blacks ook 'n besoek aan Potchefstroom bring.

Die besoekers kom al reeds op die 13de Augustus in Suid-Afrika aan en speel dan hulle eerste wedstryd op Ellispark teen Wits.

Die volledige toerprogram is soos volg:

Saterdag 15 Augustus vs. Wits (Ellispark).
Woensdag 19 Augustus vs. Tukkies (Loftus Versfeld).
Saterdag 22 Augustus vs. Rhodes (Oos-Londen).
Woensdag 26 Augustus vs. U.O.V.S. (Bloemfontein).
Saterdag 29 Augustus vs. Natal (Durban).
Woensdag 2 September vs. Ikeys (Nuweland).
Vrydag 4 September vs. Puk (Olënpark).





Kompleks is skynbaar vanjaar se leeutemmers in die koshuisliga. Verlede Saterdag het hulle gelykop gespeel teen die voorlopers, Dawie Dup, en daarmee die kompetisie baie interessant gemaak. Dawie Dup en Drakenstein is nou gelyk in die koshuisliga, met Kompleks slegs twee punte agter hulle. Die voorlopers sal dus moet ligloop of die witspan sorg dalk nog vir 'n verrassing. Selfs Hombré is nog nie uit die prentjie nie. As hulle vanjaar al hulle oorblywende wedstryde wen, insluitende teen Dawie Dup en Drakenstein, kan hulle nog die kompetisie met die voorlopers deel. Saterdag se wedstryde, waartydens die bostaande foto's geneem is, het egter nie wafferse rugby opgelewer nie. Dit is duidelik dat die manne nog onfiks is na die vakansie en die spel wou dus nooit vlot nie.

(Foto's: Ben van der Walt)

# JONG PUKSTOEIER WORD SPRINGBOK

**DIE PUK het nog 'n Springbok opgelewer. Danie Greeff, jong middelgewigstoeier in Liberalia, het Suid-Afrika verlede Woensdagaand in die tweede stoeitoets teen Nieu-Seeland verteenwoordig. Met die skrywe hiervan was die uitslag daarvan egter nog nie bekend nie.**

Greeff het hierdie puik prestasie behaal na die onlangse nasionale proewe, wat in Sasolburg gehou is. Daar het hy tweede geëindig. Nieu-Seeland het egter twee middelgewigte in die toerspan ingesluit en sodoende het Greeff sy kans gekry.

Ongelukkig was slegs een van die Nieu-Seelandse middelgewigte fiks vir die eerste toets en moes Greeff vir die tweede toets wag om sy kans te kry.

Hierdie Nieu-Seelandse span is dalk nog die laaste oorsese stoeispan wat Suid-Afrika sal besoek, aangesien ons onlangs uit die Internasionale Stoeifederasie geskors is. Die Nieu-Seelanders doen hier aan, nadat hulle aan die wêreld se stoeikampioenskappe, en die Statebondspele deelgeneem het.

**Eintlik het Greeff se prestasie as 'n verrassing vir stoeikenners gekom. Tydens die Wes-Transvaalse proewe is hy deur sy klubmaat, Bertie Smith geklop en hy het dus na die proewe gegaan as Wes-Transvaal se tweede beste middelgewig.**

Op Sasolburg het hy egter verras en tweede gekom in sy gewigsafdeling. Smith is toe gekies as reserwe vir die Springbokspan.

Smith het ook vroeër vanjaar aan die proewe deelgeneem, vir die kies van 'n span wat na die wêreldkampioenskappe moes gaan. Tydens hierdie toernooi het hy egter 'n rugbybesering opgedoen en moes toe in die eindronde onttrek.

## RUGBYKAARTJIES VIR PUKKE

HIER is goeie nuus vir alle rugbyliefhebbers. Daar gaan eersdaags weer kaartjies beskikbaar wees vir die wedstryd tussen die All Blacks en die Gazelle.

Volgens mnr. J. A. Steenkamp, sekretaris van die Wes-Transvaalse Rugbyunie, word daar tans sowat 2,700 bykomende sitplekke vir die wedstryd ingeruim. Dit is egter nog nie bekend wanneer die bespreking vir hierdie sitplekke sal open nie. Besprekings sal egter soos gewoonlik by die kantoor van die Rugbyunie gedoen word.

Daar is tans 'n ongekende geesdrif vir hierdie wedstryd. Alle beskikbare kaartjies is binne twee weke uitverkoop en met die terugkeer van die studente, was daar geen kaartjies meer beskikbaar. Sodra hierdie bykomende kaartjies van die hand gesit word, behoort meer studente egter kaartjies te bekom.

## PUKKE WAT PRESTEER

# CHARLES VENTER

**OP HIERDIE klein mannetjie rus daar sommer 'n groot taak. Hy het die onbenydenswaardige taak om vir Joggie Jansen in toom te hou tydens intervarsity. Maar Charles Venter het 'n leeuehart en laat hom nie sommer afskrik nie.**

„Ek sal my nie sommer laat bangpraat nie", het hy nog vandeesweek aan Die Wapad gesê en elke woord daarvan bedoel.

Hierdie knaap is sommer propvol rugby. Behalwe vir sy vreesloosheid is hy die veelsydigheid vanself. Die afgelope twee jaar het hy al senter, losskakel, skrumskakel en heelagter gespeel en geen span in die steek gelaat nie.

**Charles was egter van kleinsaf 'n senter en het in hierdie posisie sy eerste groot rugby gespeel. In 1966 is hy gekies vir Verre-Noord-Transvaal se skolespan en die jaar daarna vir Noord-Transvaal. Hy het daardie jaar ook aan die Cravenweek in Kaapstad deelgeneem.**

'n Ontydige kniebesering het hom in 1968 gekortwiek, maar verlede seisoen was hy weer pure perd. Oom Aap Henning het hom laat skrumskakel speel en spoedig het hy vir Wes-Transvaal o./20 gespeel. Hy was ook kaptein van die Puk se o./19 span.

Vanjaar het hy weer op skrumskakel begin, maar is spoedig verskuif senter toe, waar hy tans ook vir Wes-Transvaal o./20 speel. Op een stadium was hy ook die eerste span se heelagter en die tweede span se losskakel.

Tydens die Rhodesiese toer het hy egter sulke blink senterspel gelewer, dat hy nou visier op Joggie Jansen kan begin instel.



(Foto: Fotokuns)

# Fanie gaan Dalrymple toe

FANIE VAN ZIJL is nog beskikbaar vir die Puk se atletiekspan. Hy sal dus heel moontlik nog aan vanjaar se Dalrymplebyeenkoms deelneem.

Fanie het vandeesweek hierdie versekering aan die Wapad gegee na aanleiding van persberigte, dat hy na Suid-Transvaal gaan terugkeer. Volgens 'n bekende Sondagkoerant gaan hy en sy broer, Wilhelm, 'n sakeonderneming in Randfontein begin.

Volgens Fanie is hulle wel met onderhandelings in hierdie verband besig, maar daar is nog geen finaliteit bereik nie. Al sou hy egter gaan, is hy nog vir die Pukke beskikbaar, want hy is nog steeds 'n ingeskrewe student.

**Hy het ook die wens uitgespreek om sy studies voort te sit en sal dalk nog in die toekoms na die Puk terugkeer. Skynbaar gaan sy besigheid hom nie langer as twee jaar besig hou nie.**

### Europese toer

Fanie was natuurlik onlangs in Europa, waar hy 'n slagoffer van die Afrikastate se afpersing was. Hy moes sy verblyf by die Rott-Weiss atletiekklub kortknip, omdat hy nie aan die byeenkomste in Berlyn en Zürich kon deelneem nie. Atlete van Ghana en Ethiopië het gedreig om die byeenkomste te boikot, indien Van Zijl aan die byeenkomste sou deelneem.

Die toer van die Springbokspan het egter sonder voorvalle verloop en Van Zijl kon die toer onoorwonne afsluit. In Brussel het hy met Europa se voorste middelafstandatlete afgereken en die Belgiese 1 500 meter titel ingepalm. Hy is ook die houer van die Griekse titel oor die 1 500 meter.

Volgens Fanie het hy sy beste tyd oor die 800 meter in Koblenz behaal, toe hy die afstand in 1 min. 47 sek. afgelê het.

## SKAAK-SAAMTREK OP P.U.

**Op Saterdag, 15 Augustus 1970 word 'n groot skaaksaamtrek hier plaaslik beoog. Al die Universiteite en Kollege's wat by die A.S.B. geaffileer is, is uitgenooi om hier aan die Kuesta Skaakreünie deel te neem. Tydens die geleentheid sal reëlings en voorbereidings vir die oorsese toer van 'n Afrikaanse studenteskaakspan bespreek word.**

**Indien die byeenkoms geslaagd is, word beoog om dit 'n jaarlikse instelling te maak.**

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

GOEIE KOS !
FLINKE DIENS !
u tevredenheid is ons PLESIER !
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



U kan gerus u bande versool by . . .
GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)